**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

**Appelnr. : A95/2005**

In die appèl van:-

**CAREL PHILLIPUS MEIRING** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** MALHERBE RP *et* BECKLEY R *et* CILLIé R

---

**AANGEHOOR OP:** 14 NOVEMBER 2005

---

**UITSPRAAK DEUR:** MALHERBE RP

---

**GELEWER OP:** 17 NOVEMBER 2005

---

[1] Appellant het as 20-jarige jong man in die Rondgaande Hof te Virginia voor Van Coller R tereggestaan op 'n aanklag van moord. Hy was beskuldigde 1. Ene Johannes Zacharias Moolman was beskuldigde 2 en Anna Maria van Niekerk was beskuldigde 3. Hulle het na bewering Van Niekerk se "man"

op 26 Julie 1999 vermoor. (Mev. Van Niekerk was van die oorledene geskei, maar hulle het na die egskeiding weer as man en vrou saamgeleef tot met sy dood.) By die aanvang van die verrigtinge het appellant skuldig gepleit en sy medebeskuldigdes het onskuldig gepleit. Appellant se verhoor is geskei van dié van die ander twee beskuldigdes. Hy is skuldig bevind aan moord en op 3 Augustus 2000 gevonnis tot 18 (agtien) jaar gevangenisstraf. Beide Moolman en Van Niekerk is ook later deur dieselfde Regter skuldig bevind aan moord en soos volg gevonnis:

<u>Moolman:</u> 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf.
<u>Van Niekerk:</u> Lewenslange gevangenisstraf.
Beide van hulle het na die Volle Hof van hierdie Afdeling geappelleer. Moolman se vonnis is tersyde gestel. Die saak is na die Verhoorregter terugverwys wat die vonnis van 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf drasties verminder het deur 8 (agt) jaar daarvan op te skort vir 4 (vier) jaar op sekere voorwaardes. Van Niekerk se vonnis is deur die Volle Hof verminder na 20 (twintig) jaar gevangenisstraf. Appellant kom nou in hoër beroep slegs teen sy vonnis.

[2] Die feite van die saak blyk uit appellant se pleitverduideliking

asook uit die uitspraak van die Volle Hof gedateer 23 Mei 2002. Kortliks kom dit daarop neer dat Van Niekerk, wat tydens die gebeure 39 jaar oud was, met appellant, wat toe 19 jaar oud was, saamgesweer het om die oorledene te vermoor. Hulle gesprekke oor die beplande moord het voor Van Niekerk se minderjarige kinders uit ‘n vorige huwelik plaasgevind. Oorledene is in sy slaap deur appellant verwurg terwyl Moolman oorledene se bene vasgehou het. Na die moord het hulle by Van Niekerk en haar kinders aangesluit waar hulle in ‘n motor buite die dorp gewag het en daarna gaan drankies drink en “pool” gespeel het in ‘n hotel asof niks gebeur het nie! Voorwaar ‘n bisarre verhaal.

[3] Die getuienis maak dit na my mening duidelik dat die plan om oorledene om die lewe te bring by Mev. van Niekerk ontstaan het en dat sy die twee jong mans beïnvloed het om die bose daad te pleeg. Sy het ongetwyfeld die swaarste straf van die drie verdien.

[4] Die geleerde Verhoorregter het bevind dat daar wesenlike en

dwingende omstandighede bestaan wat die oplegging van ‘n mindere vonnis as lewenslange gevangenisstraf vir die beplande moord regverdig. Hierdie omstandighede is appellant se jeugdige ouderdom, sy ongelukkige kinderjare en swak huislike omstandighede waarin hy as aangenome kind grootgeword het asook sy beperkte verstandelike vermoëns. (Hy was in ‘n skool vir leergestremde kinders waar hy slegs standerd 7 voltooi het.) Dit is ook belangrik om te beklemtoon dat appellant (luidens sy onbetwiste pleitverduideliking) die dag na die voorval gearresteer is en op dieselfde dag ‘n bekentenis voor ‘n landdros afgelê het. In sy pleitverduideliking spreek hy sy “diep berou” uit.

[5] In die lig van die vermindering in die vonnisse van sy mede-beskuldigdes meen ek dat dit net reg en billik sal wees indien appellant se vonnis ook wesenlik verminder word. Veral die drastiese vermindering van Moolman se vonnis deur die Verhoorregter na 7 (sewe) jaar effektiewe gevangenisstraf, oortuig my dat appellant se vonnis verminder behoort te word. ‘n Vonnis van 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf is in al

die omstandighede van hierdie saak gepas.

[6] Gevolglik slaag die appèl. Die opgelegde vonnis van 18 (agtien) jaar gevangenisstraf word tersyde gestel en vervang met ‘n vonnis van 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf wat teruggedateer word tot 3 Augustus 2000.

**J.P. MALHERBE, RP**

Ek stem saam.

**A.P. BECKLEY, R**

Ek stem saam.

**C.B. CILLIé, R**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant: | Adv. K. Pretorius<br>In opdrag van:<br>Regshulpraad<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Mev. E. Liebenberg<br>In opdrag van:<br>Direkteur: Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |

/sp